

VOORWOORD

Landboueiers spreek hulleself dikwels uit oor die haglike toestande waarin boere verkeer. Of hierdie haglik ook hul finansiële rekordhouding tipeer, is nie bekend nie. Uit my eie ervaring kan ek die landboueiers die versekering gee dat die toestand van meeste boere se finansiële rekordhouding die ware betekenis van haglik tot sy volle reg laat kom.

Ek skop af met baie kras woorde. Kom ek maak eerstens 'n kwalifikasie: nie alle boere is hieraan skuldig nie. Daar is baie gesofistikeerde boere wat hul rekordhouding op 'n baie gesonde vlak het. Meestal is daar ook 'n direkte korrelasie tussen die gesondheid en gesofistikeerheid van hul rekordhouding en die algemene finansiële stand van hul boerdery. Dit is net eenvoudig soveel makliker om 'n boerdery finansiël te bestuur as die boer akkurate en tydige inligting tot sy beskikking het.

Kom ons onderskei ook eers: rekordhou beteken nie om bloot net die rekords te versamel nie. Ek kan bevestig dat alle boere hul rekords hou. Hulle hou dit in appelbokse, skoongemaakte ghriesblikke, deurgesnyde gifkanne, 'n stuk draad met 'n skerp punt en "canned fruit" bottels. Kaapse boere gebruik ten minste KWV-bokse maar almal hou hul rekords sodat twaalf maande se verfrommelde fakture uiteindelik hul weg na 'n ouditeur of prokureur vind om na nog twaalf maande in staatvorm vir 'n kortstondige oomblik die boer se eiendom te wees voordat dit die pad na die Ontvanger se kantoor vat. Weet u watter effek het dit op die boer se bestuursvermoë? Niks tot geen.

My beskuldiging van haglike rekordhouding is dus gerig aan daardie boere wat hul rekords net versamel sodat dit nie vir bestuursdoeleindes gebruik kan word nie. Of dit die oorsaak vir hul haglike toestande of die gevolg daarvan is, weet ek maar ek sal nie s“nie.

Dit is nie my doel om hierdie boek as platvorm vir beskuldigings te gebruik nie. Ek het gevolglik klaar baklei maar hopelik die punt beklemtoon dat ek van mening is dat tydige en akkurate finansiële rekords van kardinale belang vir die boer se oorlewing onder die huidige omstandighede is. Dit moet nie belasting, SDR-heffings of BTW wees wat u tot rekordhouding dwing nie. Dit moet u wilskrag wees om u boerdery wetenskaplik te bestuur wat finansiële rekordhouding belangrik moet maak. Dan sal dit ook lekker wees om daarby betrokke te wees want om dit vir die Ontvanger te doen is beslis nie aangenaam nie.

Ek moet ook redelik wees. Ek is die eerste om te erken dat 'n boer met baie dissiplines op die plaas te doen het. Hy moet kennis dra van produksie, bemarking, finansies, personeel en administrasie en dan moet hy nog 'n pa vir sy kinders ook wees. Die boer het dus leiding nodig met betrekking tot finansiële rekordhouding en hierdie boek gaan moontlik 'n bydrae lewer om u kennis oor die onderwerp te verbreed en om u geïnteresseerd te kry in al die moontlikhede wat u rekords vir u bied.

Ek gaan nie noodwendig op die rekenaar konsentreer nie. Die uitgangspunt is dat 'n rekordhoudingstelsel vir die boer moet werk. Die boer moet nie vir sy

rekordhoudingstelsel werk nie. As u dus meer gerieflik is met 'n handstelsel, dwing niemand u om 'n rekenaar aan te skaf nie. Uiteraard gaan daar seker baie na die rekenaar verwys word want dit maak rekordhouding net soveel meer volledig en akkuraat. Die beginsels wat bespreek gaan word, behoort egter vir almal van belang te wees.

Baie dankie vir u geduld. Ek hoop dat u hierdie boek saam met my sal geniet en dat ons as span ten minste u rekordhouding uit sy haglik toestand kan kry. Daarvoor hoef ons nie te wag tot die weer of die ekonomie eendag regkom nie.

PHILIP THEUNISSEN